

## Woensdag Brief 30 September 2020

Gegroet uit die pastorie

Musiek is vloeiende insig. Dit is atmosfeer-stigting vir die gemoed. Musiek is kos vir die siel. Dit is 'n skeppingsdrif. Maar daar is baie soorte musiek, ook sommige wat afbreek eerder as opbou, wat bedwelm eerder as ophef. Musiek is soos alles in die skepping – altyd swerwende tussen twee pole van baie goed en baie sleg.

Musiek moet nie net gehoor word nie, maar ook geluister word. Soms word die melodie aangevul met woorde. Soms met wisseling in volume en ritme. Maar altyd is daar musiek-instrumente betrokke, selfs al is dit net 'n stem of stemme in a *cappella* – sonder enige begeleiding. As 'n melodie jou gryp, bly hoor jy selfs die musiek in jou gedagtes asof dit regtig gespeel word.

Musiek het ook die neiging om aan spesifieke gebeure vir mense te koppel. 'n Sekere liedjie laat jou verlang na jou dae in die koshuis of universiteit of na 'n geliefde of selfs 'n wandeltoeg deur die natuur. Die melodie kan jou laat lag of verlang of treurig maak en so ook soms die woorde wat baie keer gedigte is. Musiek het die gewoonte om wyer te klank as wat dit gehoor kan word. Die filosoof Friedrich Nietzsche het gemeen dat sonder musiek die lewe 'n fout is.

Plato weer het die strekking van musiek opgesom as die siel van die universum, die vlerke van gedagtes, die roete na die verbeelding en dit wat lewe in alles plaas. Die befaamde wetenskaplike Albert Einstein het gesê hy dink in musiek. Bob Marley het in sy alledaagse wysheid gesê een goeie ding van musiek is dat al tref dit jou voel jy geen pyn nie. Die bekende skrywer Jane Austen het gemeen dat sonder musiek die lewe leeg is.

Selfs die natuur kan beleef word in lied – vra maar enige gereelde stapper van wandelpaaie. Daar is die note van die wind, die tussenklanke van voëls en goggas, selfs die stilte wat soms beleef word, klink soos die mooiste musiek aldus die Engelse skrywer en filosoof Aldous Huxley. Om langs die see te stap is byna soos 'n simfonie deur 'n volle orkes waarvan jy self die dirigent van is.

Sommige gedigte is byna soos noot-lose musiek vir die ore. Net so is liefde en verliefdheid 'n verstommende mooi lied om te beleef. Musiek is meerdere openbaring as wysheid en kennis was Ludwig van Beethoven se baie kundige siening. Die Engelse skrywer van lank terug, Edward Bulwer-Lytton, het ervaar dat as musiek eers deur die siel beleef is, dit spiritueel word en dus onsterflik.

Musiek is onmisbaar óf behoort te wees. Die motiveringspreker en natuurkundige Steve Maraboli het 'n goeie samevatting oor die lewe waarvan musiek noodwendig deel van is, gebied: Lewe jou waarheid. Wys jou liefde. Deel jou entoesiasme. Skep jou drome. Doen wat jy sê. Omhels jou seëninge. Maak elke dag genoegsaam om te onthou. En dans en sing dan tot jou lied.

Mooiloop tot volgende keer.